**11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Matteus 13:44-52**
**Fokusgedeelte: Matteus 13:44-46**

## Rykdom te koop

Jy het 'n kosbare skat gekry. Jy het sommer een dag, terwyl jy besig was met ander dinge, daarop afgekom.

Jy het 'n kosbare pêrel gevind. Jy het lank daarna gesoek en toe kry jy dit uiteindelik.

Jy het in 'n verbondshuis grootgeword waar jy saam met jou daaglikse bord kos die skat ontdek het en verder gesoek het totdat jy die groot pêrel gevind het.

Jy is skatryk.

Jy besit burgerskap van die koninkryk van God. Jy is 'n onderdaan van die Koning van die konings, Jesus Christus. Hy het verlossing ontvang vir nou en vir altyd, vir liggaam en vir siel. Jy bring eer aan die ewige Koning. Jou lewe het sin en betekenis.

Moenie toelaat dat jou daaglikse gejaagde gespit en gegrawe jou laat vergeet van die groot skat wat jy ontvang het nie. Moenie toelaat dat allerhande kleinere pêrels en blink steentjies jou aandag aftrek van die waardevolste pêrel nie. As jy dalk nog iemand is wat in die gejaagde wêreld bloot aan die spit en die grawe is, mag die Here jou lei om die grootste skat denkbaar te ontdek! As jy dalk nog op soek is tussen allerlei aanloklike klein edelsteentjies wat die wêreld aan jou voorhou om te koop, mag die Here jou lei om die waardevolste pêrel te vind.

Gaan verkoop alles wat jy besit en verkry die skat van die koninkryk van God. Soos Paulus sê (Fil 3:8): "... om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde."

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 6*

*Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)*